1.1 Departement Afrikaans en Nederlands

1.1.1 HonsBA (Afrikaans en Nederlands)

Programkode

39373 – 778(120)

Spesifieke Toelatingsvereistes

- 'n BA-graad met Afrikaans of Afrikaans en Nederlands as hoofvak.
- 'n Gemiddelde prestasiepunt van 60% in die hoofvak wat tot nagraadse studie lei.

Sluitingsdatum vir Aansoeke

- Suid-Afrikaanse studente:
  - Doen aansoek teen 31 Oktober van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.
- Internasionale studente:
  - Doen aansoek teen 31 Augustus van die voorafgaande jaar en dien alle toepaslike ondersteunende dokumente in.

Programstruktuur

a) Die program bestaan uit 'n verpligte navorsingsmodule en ses modules wat uit 'n verskeidenheid beskikbare modules gekies en gekombineer kan word.

b) Jy kies ses modules uit die taalkunde- en letterkunde-aanbod om jou te bekwaam vir 'n beroep in die Afrikaansonderwys, vir 'n loopbaan wat gevorderde kennis van die Afrikaanse taalkunde verg, of vir 'n loopbaan wat gevorderde kennis van die Afrikaanse en/of Nederlandse letterkunde verg.

c) Alle modules is nie noodwendig elke jaar beskikbaar as keusemoontlikheid nie.

d) Hierdie program word aangebied deur middel van lesings.

Duur van Program

Die program strek oor een akademiese jaar. Lesings begin in die eerste week in Februarie.

Programinhoud

Verpligte module

12788 : Navorsingswerkstuk (Afrikaans en Nederlands)	771(30)

plus

Kies een van die onderstaande modules.

14029 : Formele Afrikaanse Taalkunde	771(15)
10028 : Literêre Teorie en Afrikaanse Literatuur	771(15)

plus

Kies **vyf** van die onderstaande modules, uitgeslote die module wat jy hierbo gekies het.

11860 : Afrikaanse en/of Nederlandse Drama en Film	771(15)
10023 : Afrikaanse Poësie	771(15)
10025 : Afrikaanse Prosa	771(15)
10018 : Afrikaanse Leksikografieteorie	771(15)
10019 : Afrikaanse Teksanalise	771(15)
14029 : Formele Afrikaanse Taalkunde	771(15)
10028 : Literêre Teorie en Afrikaanse Literatuur	771(15)
11532 : Moderne Nederlandse Letterkunde	771(15)
11859 : Metodologie van Afrikaanse Taalverwerwing	771(15)
10031 : Skeppende Skryfkunde	771(15)
14030 : Taalburgerskap en Afrikaans	771(15)
14031 : Toegepaste Afrikaanse Taalkunde	771(15)

Assessering en Eksaminering

In hierdie program word buigsame assessering gebruik. Jy word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop jou prestasiepunt bereken word en jy ontvang deur die loop van die jaar gereeld terugvoering oor jou vordering.

Navrae

Programkoördineerder: Prof A Visagie
Tel: 021 808 2174 E-pos: agvisagie@sun.ac.za